*Woensdag* 14 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 15:21-28

Fokusgedeelte: Matteus 15:25

God se barmhartigheid is vir al sy verlore skape

Ons Skrifgedeelte vertel van 'n vrou in nood, 'n ma wat buite die kring van Israel staan, 'n heidense vrou, 'n vrou met 'n duiwelbesete dogter, 'n lastige vrou. So sien die dissipels haar, irriterend, irrelevant, en met die verkeerde agtergrond en omstandighede – sy moet net verdwyn, weg uit hulle lewens uit. Die kerk (gelowiges) kan soms ook so maklik verstoot, verwerp as dit nie inpas binne die grense soos ons bepaal het nie.

Jesus verwerp haar nie oor haar geslag, haar ras, haar agtergrond en haar huislike omstandighede nie, al blyk dit aanvanklik so met sy stilswye. Ja, eers bly Hy stil, dan wys Hy haar daarop dat Hy eintlik gekom het vir die verlore skape van die huis van Israel en dan vergelyk Hy haar met 'n klein hondjie, maar in die hele proses lei Hy haar in die verstaan van die geloof. Hy bring haar by die besef dat sy nie gehelp moet word as gevolg van wie sy is of wat sy verdien nie, maar op grond van Jesus se goedheid, almag en genade. Ondanks alle struikelblokke en grense bly sy biddend en pleitend aan Jesus vashou. Sonder om haar deur die dissipels, die aanvanklike stilswye van Jesus en haar menswees te laat afskrik, hou sy net vas aan die Here en sy Woord. Hy is die Enigste Weg.

Ons lewe in 'n wêreld vol nood, jy kan miskien nou in nood wees! Hou vas, bly bid, bly glo, bly dien, want deur die geloof is jy gered. Jesus is die enigste weg.

*+Sing: Psalm 119-1:63*

*Ds. HL (Henk) Stavast (Nylstroom)*